# LYDENSTYD

## HUISGELOOF: GEWOONTE 5

**Lydenstyd is 40 dae lank (uitgesluit Sondae) vanaf Aswoensdag tot Paasfees.**
Laai die DinkJeug Families app af en gebruik dit om daagliks saam te luister, lees, gesels en te bid.

## VERSKIL
## 1 SAM 16:1-13

### OMGEE

Kyk hoeveel vorme van lig julle aan kan dink in 60 sek.
'n Moeiliker uitdaging? Kyk aan hoeveel woorde julle kan dink met die woord "lig" daarin.

'n Klein liggie kan 'n groot verskil maak in 'n donker vertrek - geen persoon is te jonk om 'n verskil te maak nie.

### DOEN

Gooi elkeen 'n dobbelsteen om 'n uitdaging te ontvang:

1. Maak tee vir iemand.
2. Bel/WA 'n familielid.
3. Neem 'n geskenkie vir iemand wat siek is/verjaar.
4. Help met 'n huistaak.
5. Skenk iets uit jou kas.
6. Gee iets waarvan jul ekstra het vir die bure, bv. vrugte.

### GESELS

In Lydenstyd dink ons aan mense wat swaarkry en ly en hoe ons hulle kan help of ondersteun. Vandag se teks herinner ons wie God kies om vir Hom te werk.

**Lees: 1 Sam 16: 1-13**

- Hoekom is Dawid eers uitgelaat (vers 11)
- Wat beteken vers 7 en 13 vandag vir ons?
- Noem voorbeelde van hoe jy al iemand gehelp het of jou lig laat skyn het.

### BID

Bid vir LIG - vir 'n mens, 'n saak en 'n land wat swaarkry.


DINK JEUG Families

**Laai die DinkJeug Families app gratis af:**

Google Play:

Apple iStore: